HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 31 VAN 2021

23 Julie 2021

Geagte Ouer/Voog, Personeel en Leerder

Toetsreeks en die heropening van die skool

Ons aanlyn-toetsweek het in oorwig baie goed verloop. Dit was vir ons almal 'n goeie leerervaring. Ons gaan dalk in die toekoms weer van hierdie manier van assessering gebruik moet maak en vir leerders wat beplan om volgende jaar te gaan studeer, gaan aanlyn-assessering deel van hul daaglikse studieaktiwiteite wees. Hierdie was dus vir ons almal 'n waardevolle leerervaring.

Sou die onwaarskynlike gebeur en skole word vir 'n langer periode gesluit, sal ons volgende week voortgaan en ons toetsreeks aanlyn voltooi en die week daarna met aanlyn-klasse begin.

Gegee die huidige stand van sake begin skole weer amptelik op Maandag, 26 Julie 2021. Dan moet die kinders fisies skool toe kom. Ons is in die laaste week van ons Junie-toetsreeks en sal vanaf Maandag tot Vrydag (26 Julie tot 30 Julie) die toetsreeks voltooi. Die toetsrooster is in Oueromsendbrief nommer 28 van 2021 gepubliseer. Die laaste formele toetse word op Donderdag, 29 Julie geskryf.

Reëlings tydens die eksamen is dieselfde as voordat skole deur die President gesluit is. Leerders meld soggens by hul toegewysde areas aan, word gesaniteer voor hulle die toetslokaal betree en vertrek huis toe na afloop van die toets. Sou 'n leerder nié die dag toets skryf nié, moet hulle tuis bly.

Ons ruim egter nou ook Vrydag in om toetse op te vang met individuele leerders wat tydens die aanlyn-assessering nie kon skryf nie, of ernstige probleme ondervind het.

Onthou dat Kovid-positiewe-leerders nié mag skool toe kom nie en 'n afwesig as toetsuitslag sal ontvang. Onthou ook dat die positiewe Kovid-toetsverslag as afwesigheidsbrief dien.

Daar sal ook weer 'n isolasielokaal wees waar a-simptomatiese leerders in isolasie kan kom toets skryf. Ouers moet asb. daagliks hierdie name die vorige dag reeds aan mnr. Vosloo, ons skool se Kovid-beampte, deurgee sodat ons hulle vraestelle kan trek en voorberei.

Groepe wat toets skryf, word beperk tot 'n maksimum van 50 waar die lokaal dit sou toelaat (bv. saal en LO-saal) en sosiale afstand in kleiner klasse word gehandhaaf ten einde noue kontak te beperk.

Op Maandag, 2 Augustus begin ons weer met klas. Dan kom almal skool toe en word normale Kovid-protokolle soos gewoon gevolg.

Hierdie omsendbrief moet saam met ons voriges gelees word ten einde te verseker dat elkeen volledig ingelig is oor roosters en prosedures. By voorbaat baie dankie vir almal se samewerking.

Kovid-19

Ons betreur hiermee die afsterwe van Bianca van Niekerk in graad 12 se pa, weens Kovid. Ons gebede vra dat ons Skepper hier ook Sy genade sal gee om hierdie gesin in hiérdie tyd van hartseer en verlies te dra. Ons het ook ’n hele paar oupa’s en ouma’s verloor en wens al hierdie gesinne ook baie sterkte toe.

Ons Kovid-syfers word in die tabel hieronder vertoon. Dit is duidelik dat Kovid steeds deel van ons daaglikse lewe is en sekerlik vir ’n lang ruk nog gaan bly. Ons kan maar net by ons ouers, onderwysers en leerders pleit om uiters verantwoordelik en versigtig te bly optree om die risiko van verspreiding te bly beperk.

Meeste van ons personeel is nou reeds teen Kovid ingeënt en dit bring ’n mate van gemoedsrus vir wanneer ons weer by die skool gaan wees.

Slot

Baie sterkte word aan almal toegewens met die aanvang van skole op 26 Julie. Nuwe uitdagings sal voor ons deur geplaas word en ons sal op ons eie Randburg-manier hierdie uitdagings tegemoet loop en hanteer. Ons wens en bede is dat die Kovid verspreiding nou sal afneem en dat ons lewens weer na ’n mate van normaal sal kan terugkeer. Intussen moet ons almal elke dag “slaggereed” wees vir wat die dag mag inhou.

Vriendelike groete.



P. Booysen: Hoof

Hoërskool Randburg: Kovid-19-statistiek																
Dag		Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry
Maand			Julie					Julie					Julie				
Datum		2	5	6	7	8	9	12	13	14	15	16	19	20	21	22	23
Personeel	Aantal Kovid-19 positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	13	14	14	14	14	14	14	15	15	16	16	16	18	18	18	18
	Herstel van Kovid-19	13	13	13	13	13	13	14	14	14	14	14	14	14	14	14	15
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	**0**	**1**	**1**	**1**	**1**	**1**	**0**	**1**	**1**	**2**	**2**	**2**	**4**	**4**	**4**	**3**
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	5	3	3	3	1	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Leerders	Aantal Kovid-19 positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	77	79	79	83	83	84	85	90	92	94	95	95	97	97	97	100
	Herstel van Kovid-19	54	66	67	68	69	72	80	81	82	82	82	82	87	87	90	92
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	**23**	**13**	**12**	**15**	**14**	**12**	**5**	**9**	**10**	**12**	**13**	**13**	**10**	**10**	**7**	**8**
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
TOAAL	Aantal Kovid-19 positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	90	93	93	97	97	98	99	105	107	110	111	111	115	115	115	118
	Herstel van Kovid-19	67	79	80	81	82	85	94	95	96	96	96	96	101	101	104	107
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	**23**	**14**	**13**	**16**	**15**	**13**	**5**	**10**	**11**	**14**	**15**	**15**	**14**	**14**	**11**	**11**
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	5	3	3	3	1	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1
	Komorbiditeit afwesig	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0